# Gaan Ons Wêreld Regtig Eindig?

Gaan daar ooit werklik 'n einde aan die huidige wêreld wat ons ken, en waarin ons nou leef, kom? Indien wel, hoe kan ons weet wanneer die einde van hierdie wêreld sal aanbreek? Die Skrif is baie duidelik daaroor dat ons nie 'n bepaalde dag of uur kan uitsonder nie:

*"Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net My Vader alleen"* (Matteus 24:36 OV).

Tog sê Jesus in dieselfde hoofstuk van Matteus die volgende:

*"Leer dit van die vyeboom as voorbeeld: wanneer sy takke begin sag word en hy blare kry, weet julle die somer is naby. So moet julle ook wanneer julle al hierdie dinge sien, weet dat die tyd naby is, voor die deur"* (Matteus 24:32-33 NV).

Verder het Jesus ook vir die skare gesê:

*"Wanneer julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: Daar kom reën! En dit gebeur ook. En wanneer julle die suidewind sien waai, sê julle: Dit sal gloeiend warm wees! En dit gebeur. Geveinsdes, die voorkoms van die aarde en die lug weet julle te beoordeel, maar hoe is dit dat julle hierdie tyd nie kan beoordeel nie?"* (Lukas 12:54-56 OV).

Jesus gebruik in aangehaalde Skrifgedeeltes voorbeelde van "tekens" in die natuur wat vir die mens op 'n gebeurtenis dui. Die "tekens" aan die vyeboom sê vir die mens dat die somer naby is. So kan "tekens" aan die weer of wind vir die mens aandui of daar reën aan die kom is, of dit warm of koud gaan wees, ens. Daarom kán en móét die mens ook die "tekens van die tye" raaksien en dit beoordeel.

Vir baie mense skep Matteus 24:34 (OV) egter groot probleme:

*"Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie."*

Dit skyn asof Jesus sê dat al die gebeure van Matteus 24 en 25 waaroor Hy met Sy dissipels en die mense van daardie tyd gepraat het, in húlle leeftyd sou plaasvind. Dit het toe nie so gebeur nie! En dit het ook tot op hierdie stadium nog nie gebeur nie. Ondersoek ons egter Matteus 24:33 met groter noukeurigheid, sal ons verstaan dat Jesus eintlik verwys na dáárdie "geslag" mense wat wérklik in die eindtyd sal leef en al die dinge sien gebeur waarvan Hy gepraat het:

*"So moet julle ook wanneer julle al hierdie dinge sien, weet dat die tyd naby is, voor die deur"* (Matteus 24:33 NV).

Omdat daar in ons huidige bestaan baie ontstellende gebeure plaasvind, glo ons dat dit noodsaaklik is dat ons tog sal naspeur of hierdie nie dalk werklik "tekens" van die eindtyd is nie. Ons moet soos Jesus se dissipels hieroor navraag doen:

*"Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die teken van U koms en van die einde van hierdie wêreld wees?"* (Matteus 24:3(b) NV).

In antwoord op hul vraag noem Jesus aan Sy dissipels 'n hele aantal tekens in hierdie verband. Ons lees daarvan in die profetiese rede wat ons in Matteus 24 en 25 aantref. Ons sal ook ander toepaslike Skrifgedeeltes gebruik wat lig op hierdie onderwerp verskaf.

### 1. VALS CHRISTUSSE

*"Jesus antwoord hulle: 'Pas op dat niemand julle mislei nie. Baie sal onder my Naam kom en sê: 'Ek is die Christus,' en hulle sal baie mense mislei'"* (Matteus 24:4-5 NV).

Daar het al male sonder tal vals christusse op die wêreldtoneel na vore getree. Die mantra van Hare Krishna is in 1500 n.C. deur Chaitanya Mahaprabhu gepopulariseer: *"All the grievous sins are removed for one who worships Lord Sri Hari, the Lord of all lords, and chants the holy name, the Maha-mantra."*

Sun Myung Moon het openlik verklaar dat hy "God" is. Hy maak ook aanspraak daarop dat hy die nuwe Messias is en dat Korea God se uitverkore nasie is. Hy het ook Jesus se onvoltooide werk kom klaarmaak.

Die *New York Times* berig op 19 Januarie 2010 dat Mehmet Ali Agca na byna drie dekades uit die tronk vrygelaat is nadat hy Pous Johannes Paulus geskiet en gewond het. Op pad na 'n luukse hotel het hy na homself verwys as "Christ eternal".

Ander voorbeelde van vals christusse is o.a. Sat Guru Maharai Ji, David Koresh, Jim Jones, José Luis de Jesus Miranda, en daar is nog vele meer.

### 2. OORLOË (EN GERUGTE VAN OORLOË)

*"Jesus het aan hulle gesê: 'En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander;'"* (Matteus 24:6, 7(a) OV).

Daar het deur die loop van die wêreldgeskiedenis talle aaklige oorloë, revolusies en opstande plaasgevind, maar sedert die 20ste eeu is dit asof die hele wêreld in 'n kookpot van magslus, haat, en vernietiging ontaard het! Ons verwys net kortliks na 'n paar van die ergste oorloë: Tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het 27 nasies mekaar die stryd aangesê en ongeveer 15 miljoen mense is in hierdie oorlog dood. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) is ongeveer 66 miljoen mense dood en 6 miljoen Jode is deur Hitler uitgewis!

Gedurende die Russiese Burgeroorlog (1917-1922) met Lenin as heerser het 9 miljoen Russe gesterf. Tydens Stalin se regeringstydperk (1924-1953) is 20 miljoen mense doodgemaak. Onder Mao Zedong (Mao Tse-tung) se bewind in China (1949-1975) het 40 miljoen mense gesterf!

Afgesien van oorloë tussen volkere is etniese geweld ook aan die orde van die dag. Gedurende die negentigerjare is meer as 800 000 mense in Ruanda vermoor en in Bosnië is daar ook later duisende pa's en seuns doodgeskiet. In ons eie land is daar telkens berigte van etniese geweld teenoor buitelanders.

### 3. HONGERSNOOD

*"…en daar sal hongersnode wees…"* (Matteus 24:7 OV).

Sedert die Tweede Wêreldoorlog tot die sewentigerjare het die wêreld as geheel 'n surplus voedsel geproduseer. Sedert 1975 was daar egter voortdurend voedseltekorte. Op 'n stadium het die Wêreldraad van Kerke skynbaar gesê dat die wêreld op 'n katastrofiese pad is wat na massa-hongersnood lei.

Daar word bereken dat daar 70 miljoen mense gedurende die 20ste eeu weens hongersnood gesterf het. 'n Waarnemer van die VN het gewaarsku: "'n Honger man is 'n agressiewe mens, en soos dit al hoe moeiliker word om voedsel te bekom, kan ons verwag om al hoe meer gevalle van burgerlike en etniese onrus teë te kom."

Nie genoegsame voedselproduksie in die wêreld is een van die direkte gevolge van slegte weersomstandighede. Dit het weer op sy beurt hongersnood tot gevolg. 'n Ander faktor tot die hongersnoodprobleem is die kwessie van 'n wêreldwye bevolkingsontploffing. Volgens statistieke van Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) leef daar huidig ongeveer 7 miljard mense op aarde waarvan sowat 925 miljoen gedurende 2010 honger gely het. Daar is bevind dat 13.1% van die wêreld se bevolking, d.w.s. 1 uit elke 7 mense elke dag nie kos het om te eet nie.

Die *Citizen* berig op 31 Mei 1996 in 'n artikel dat mense in Noord-Korea gras pluk, kook en dan eet. *The Guardian* berig in 2007 dat ongeveer 40% van die wêreld se landbougrond erg beskadig en van 'n swak gehalte is. Sou hierdie toestand veral in Afrika voortduur en versleg, sal slegs 25% van die bevolking teen 2025 van voedsel voorsien kan word!

### 4. PESSIEKTES (BESMETLIKE SIEKTES EN SIEKTES WAT EPIDEMIES VOORKOM - HAT)

*"…en daar sal … pessiektes … wees"* (Matteus 24:7 OV).

Daar is ongelooflik baie epidemies wat die wêreldbevolking teister. Ons noem egter net enkeles. Cholera affekteer 3-5 miljoen mense wêreldwyd en tot soveel as 130 000 sterftes is gedurende 2010 aangeteken. UNAIDS en die WGO het bereken dat meer as 25 miljoen mense sedert 1981 tot 2005 as gevolg van MIV-Vigs gesterf het. Volgens 'n skatting van die WGO is ongeveer 'n derde van die wêreldbevolking besmet met tuberkulose en is dit ook die hoofoorsaak van sterftes by MIV-Vigsleiers. Daar word geskat dat malaria die oorsaak is van 250 miljoen koorsgevalle en een miljoen sterftes jaarliks.

### 5. AARDBEWINGS (EN GEVOLGLIKE NATUURRAMPE)

*"…en aardbewings op verskillende plekke"* (Matteus 24:7 OV).

Ons kan ook nog 'n ander baie insiggewende Skrifgedeelte hier byvoeg:

*"…Strome water sal uit die hemel val, die fondamente van die aarde sal skud en die aarde sal in stukke breek, heen en weer waggel en wankel. Die aarde sal slinger soos 'n dronk mens, heen en weer wieg soos 'n biesieskerm. Die aarde se oortredinge rus swaar op hom, hy sal val en nie weer opstaan nie"* (Jesaja 24:18b - 20 NV).

Dit is ook baie belangrik om kennis te neem van die opskrifte by Jesaja 24. By die Ou Vertaling staan: *Die voleinding. Die wêreldgerig.* By die Nuwe Vertaling staan: *Die Here gaan die aarde verwoes.*

Volgens geologiese opnames in die VSA (deur die USGS), is daar ongeveer 12 000 - 14 000 aardbewings wat elke jaar wêreldwyd voorkom; dit beteken 50 per dag! Almal is nie ewe vernietigend nie, maar die meeste rig wel baie ernstige skade aan. Daar sterf duisende mense, nog méér verloor al hulle besittings en die gebiede waar die aardbewings voorkom, se ekonomiese verliese is ook geweldig omvangryk. Wie sal die skrikwekkende 7.0-aardbewing in Haiti (12 Januarie 2010) waarin 316 000 mense dood, 300 000 beseer en een miljoen huisloos gelaat is, vergeet? Meer as 28 000 mense is op 11 Maart 2011 dood toe 'n aardbewing en tsoenami die stad Natori, in die Mijagi-provinsie in die noordooste van Japan, byna heeltemal vernietig het. Die aardbewing het 9 op die Richterskaal gemeet en die verwoestende tsoenami wat gevolg het, het die gebied omtrent opgefrommel. By die Foekoesjimakernaanleg is ook groot skade aangerig en daar is gevrees dat 'n nog erger ramp die Japannese kan tref as die Tsjernobil-kernramp van 1986. Die selfmoordsyfer in die noordooste van Japan het binne 100 dae met 39% gestyg en die owerheid het gewaarsku dat die land deur 'n krisis van geestesgesondheid in die gesig gestaar word.

Aangesien aardbewings ook noodwendig ander natuurrampe tot gevolg kan hê, noem ons net kortliks die volgende: Volg 'n mens die nuusgebeure op TV, op die Internet, oor die radio of in koerante en tydskrifte, is daar gereeld wêreldwyd sprake van óf tsoenami's, orkane, siklone, tifone, watervloede óf modderstortings. Gedurende 2008 het daar byvoorbeeld 'n sikloon Mianmar getref en meer as 84 000 menselewens geëis. Baie ryslande is verwoes terwyl daar reeds wêreldwyd 'n ernstige tekort aan rys bestaan.

Katastrofiese oorstromings in Thailand het sedert Julie 2011 'n derde van die land verswelg weens 'n buitengewoon verwoestende reënseisoen in 62 provinsies. In Oktober 2011 teister verdere oorstromings die land. Die tweede grootste lughawe, Don Muang Lughawe, is ook oorstroom en skade beloop miljarde dollars terwyl meer as 700 000 mense nie by hul werk kon kom nie en 9.4 miljoen mense se lewens nadelig

*Vervolg op p. 10*